USAAA gerat as rolspeler in Wes-Kaap

"Die regering se jongste begroting dui nie daarop dat transformasie in die landbou en hulp aan opkomende boere hoog op hul (die regering se) prioriteitslys is nie." So sê Mnr Trevor Abrahams, voorsitter van USAAA (United South African Agricultural Association). "Ten spyte van heelwat beloftes word te min gedoen om die nuwe boere op grondvlak te ondersteun."

Abrahams het tydens USAAA se onlangse bestuursvergadering in die Paarl gesê dat USAAA homself nou gevestig het as die tuiste vir opkomende landbou in die Wes-Kaap. "USAAA word ook deur die regering en owerhede as die amptelike spreekbuis vir opkomende landbou in die Wes Kaap erken.

"Groot getalle ontnugterde lede vanuit ander soortgelyke organisasies is besig om nou by USAAA aan te sluit, veral vanweë beweerde gevalle van korrupsie en finansiële wanbestuur by sommige ander organisasies". Abrahams sê USAAA volg 'n beleid van deursigtigheid en diplomasie en is juis daarom besig om soveel veld en ondersteuning te wen, met verskeie korporatiewe organisasies wat belangstel om in USAAA se projekte te belê.

Die bestuur van USAAA het homself so georganiseer dat dit ooreenstem met die verskeie kommoditeitsorganisasies, en verskeie aksies en projekte binne die verskillende bedrywe is al van stapel gestuur, met heelwat meer wat beplan word. USAAA nooi alle bedryfsorganisasies om hulle te skakel en vas te stel op watter gebiede saamgewerk kan word.

Belangstellendes kan vir Mnr Trevor Abrahams kontak by 084 525 5037 of trevorsfarm@telkomsa.net, of die USAAA kantore by 021 863 0397 of usaaa@agrimega.co.za

USAAA se bestuur wat onlangs vergader het by die Hoër Boland Landbouskool. Voor: Arrie Huyser (Suiwel), Middelste ry, van links na regs: Nico van der Ventel (Graan), Niklaas Prins (Wyn) Bernie Cedras (Varke), Augusta Thomas (Alternatiewe groente) en Sussana Loff (Vlugtige olies). Agter, van links na regs: Colin Wynand (Volstruise), Raymond Koopstad (Ondervoorsitter, Jeug), Ismail Motala (Transformasie), Hennie Windvogel (Groente), Cyril du Plessis (Fynbos), Trevor Abrahams (Voorsitter, Sagtevrugte), Dirk Swart (Agri Besighede) en Chris Hans (Droëvrugte).

'n Pluimpie vir georganiseerde landbou

Volgens 'n konsep-omgewingsimpak-bepalingsverslag, wat onlangs aan alle belanghebbendes en geaffekteerde partye uitgestuur is, wil dit voorkom asof Bantamsklip (vir eers) verwyder as keuse vir die beplande Nuclear-1 kernkragsentrale.

Die hoofsaaklike redes wat aangevoer word is onder andere die hoë koste en impak van die transmissielyne wat regoor die Overberg opgerig sou moes word, die vervoerprobleme vanaf Kaapstad-hawe na Bantamsklip (via die bergpasse) wat ondervind sou word en wat ook die konstruksie van 'n duur nuwe brug sou verg, en dan die feit dat die Bantamsklip area in 'n gebied met hoë eko-toerisme potensiaal geleë is.

Thyspunt (naby PE) word volgens die verslag as eerste keuse-perseel aanbeveel en Duynefontein (naby Koeberg) as tweede keuse.

Ongelukkig beteken dit nie dat Bantamsklip vir altyd as potensiële perseel uitgegooi word nie. Die volgende aanhaling kom direk uit die verslag: "...all specialists agreed that there are no fatal flaws at any of the sites, and that all three sites are suitable for development of a nuclear power station in time."

Kommentaar op die verslag kan nog gelewer word tot en met die 10de Mei.

Alle belanghebbendes en geaffekteerde partye word uitgenooi om die openbare vergaderings, waar die bevindings van die konsep-omgewings-impakstudie oorgedra sal word, by te woon. Vir meer inligting hieroor en om uit te vind hóe en waar die verslag besigtig kan word, kontak Me Bongi Shinga van ACER Omgewingsbestuurkonsultante by 086 010 4985 of nuclear1@acerafrica.co.za

Die Overberg DLV het saam met ander belangegroepe en geaffekteerde partye deelgeneem aan die aksie teen die oprigting van die voorgenome Bantamsklip kernkragsentrale. Mnr Geoff Hobbs, wat aan die hoof gestaan het van die ODLV se aksiekomitee, het genoem dat dit juis sulke aksies en resultate is wat dit die moeite werd maak vir produsente om aan georganiseerde landbou deel te neem.